PBO 930022142 NPO 049-191

Wat is fronto-temporale demensie

Hierdie blad verskaf algemene inligting oor een van die meer rare vorms van demensie, nl. fronto-temporale demensie. Dit gee 'n opsomming van wie meer geneig is om geaffekteer te word en watter simptome hulle kan ervaar.

Wat is demensie van die fronto-temporale lob?

Die term "fronto-temporale demensie" dek 'n reeks toestande, insluitend Pick se siekte, die degenerasie van die frontale lob en demensie wat met motoriese neuron-siekte geassosieer word.

Al hierdie toestande word veroorsaak deur skade aan die frontale lob en/of die temporale dele van die brein. Hierdie areas is verantwoordelik vir gedrag, emosionele response en taalvaardighede.

Wie word geaffekteer?

- Fronto-temporale demensie is 'n rare vorm van demensie wat baie minder as Alzheimer se siekte voorkom.
- Jonger mense, spesifiek diegene onder die ouderdom van 65, is meer geneig om geaffekteer te word.
- Mans en vrouens is ewe geneig om hierdie toestand te ontwikkel.

Wat is die simptome?

Skade aan areas in die frontale en temporale lob van die brein sal 'n verskeidenheid van simptome veroorsaak. Elke persoon sal die toestand op sy eie manier ervaar.

Persoonlikheids- en gedragsverandering

Gedurende die beginstadiums van fronto-temporale demensie, is die geheue nog onaangetas, maar die persoonlikheid en gedrag van die persoon sal verander.

Mense met fronto-temporale demensie kan:

- 'n Gebrek aan insig hê en die vermoë verloor om met ander te empatiseer - hulle kan selfsugtig en ongevoelig voorkom.
- Ekstrovert word waar hulle voorheen introvert was, of teruggetrokke waar hulle voorheen baie sosiaal was.
- Ontoepaslik optree deur bv. taktlose opmerkings te maak, grappe op die "verkeerde" tyd te maak of onbeskof te wees.
- Inhibisies verloor deur bv. seksuele gedrag in die openbaar te toon.
- Aggressief raak.
- Maklik verwar word.
- Roetines ontwikkel, bv. kompulsiewe rituele.

"Probleme om die regte woorde te vind"

Dit is belangrik om te besef dat hierdie simptome 'n fisiese oorsaak het en nie iets is wat die persoon gewoonlik kan beheer of in toom hou nie.

Taalprobleme

- Die persoon met fronto-temporale demensie kan ook taalprobleme ondervind, insluitend:

- Probleme om die regte woorde te vind

- 'n Gebrek aan spontane gespreksvoering

- Breedsprakigheid, of die gebruik van baie woorde met min inhoud

- 'n Vermindering van of gebrek aan spraak.

Verandering in eetgewoontes

Die geaffekteerdes kan ooreet en/of 'n voorliefde vir soet kossoorte ontwikkel.

Latere stadiums

Die spoed waarteen fronto-temporale demensie progresseer, wissel grootliks, van minder as twee jaar, tot meer as tien jaar.

In die latere stadiums is die skade aan die brein meer veralgemeen, en simptome blyk gewoonlik soortgelyk aan dié van Alzheimer se siekte te wees. Die geaffekteerdes kan nie meer vriende en familie herken nie, en kan verpleegsorg benodig.

Hoe word hierdie vorm van demensie gediagnoseer?

Fronto-temporale demensie word gewoonlik verkeerdelik as Alzheimer se siekte gediagnoseer. 'n Spesialis kan 'n diagnose van fronto-temporale demensie maak deur die geaffekteerde persoon te ondervra en 'n breedvoeringe geskiedenis van sy simptome neer te skryf. Inligting van familie, vriende en versorgers kan ook gevra word om 'n breër prentjie van die persoon se gedrag te kry.

KT- (gerekenariseerde aksiale tomografie) en MRI- (magnetieseresonansiebeelding) skandering kan ook gebruik word om die omvang van die skade aan die brein te bepaal.

'n Ferm diagnose kan slegs na sterfte moontlik wees wanneer veranderinge in die breinstruktuur direk tydens 'n nadoodse ondersoek waargeneem kan word.

Is dit 'n genetiese siekte?

Daar is 'n familiegeskiedenis in ongeveer die helfte van alle gevalle van fronto -temporale demensie. In hierdie families het die verloop van die siekte gewoonlik 'n spesifieke patroon oor die generasies. Sommige van hierdie oorgeërfde vorms is met abnormaliteit op chromosoom 3 en 17 in verband gebring.

Die oorsake van nie-oorerflike fronto-temporale demensie is tot dusver onbekend.

"Daar is 'n familiegeskiedenis in ongeveer die helfte van alle gevalle van fronto-temporale demensie. "

Is behandeling moontlik?

Tot dusver is daar geen genesing vir fronto-temporale demensie nie en die progressie van die toestand kan nie vertraag word nie.

Middels wat vir die behandeling van Alzheimer se siekte ontwerp is, soos Aricept en Exelon, kan die simptome vererger en aggressie verhoog.

Daar is egter baie wat gedoen kan word om die simptome te verlig. Kennis van die siekte en die rede vir die persoon se gedragsverandering kan op sigself 'n doeltreffende manier wees om mense te help om die siekte te hanteer.

Versorgers kan hanteringstrategieë ontwikkel, soos om konfrontasie te vermy en rondom obsessies te werk, eerder as om te probeer om die gedrag van die geaffekteerdes te verander.

Spraakterapeute kan hulp vir taalprobleme verleen.

Verdere inligting

Boeke en artikels:

Kertesz, Andrew en Munoz, David G (eds). *Pick's disease and Pick complex*, Chichester: Wiley-Liss, 1998

Bayer, Tony. Rarer cause of dementia, in *Signpost* 4 (4), April 2000

Aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78
Email: info@dementiasa.org
Or support@dementiasa.org

3rd Floor,
State House,
3 Rose Street,
Cape Town

P.O. Box 16421
Vlaeberg
8018

DEMENTIASA
managing alzheimer's and dementia care

www.dementiasa.org